



Hoe om die geboorte van 'n kind te registreer



Dit is baie belangrik om jou kind se geboorte te registreer. Hierdie boekie sal jou sê –

- ▶ hoekom dit belangrik is om jou kind se geboorte te registreer
- ▶ hoe om jou kind se geboorte te registreer
- ▶ wat die reëls is vir die verskillende tipes geboorteregistrasie
- ▶ wat die reëls is vir die registrasie van 'n kind wat buite die huwelik gebore is
- ▶ wat om te doen as jy jou kind se geboortesertifikaat verloor het.

Hierdie boekie is gebaseer op Wet 81 van 1963 op Geboorte-, Huweliks- en Sterfteregistrasie, met bykomende inligting wat verskaf is deur die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie.

Enige kind wat in Namibië gebore is, kan 'n Namibiese geboortesertifikaat kry, selfs al is die ouers nie Namibiese burgers nie.

HOEKOM moet jy jou kind se geboorte registreer?

Wanneer 'n kind se geboorte geregistreer word, kry die ouer 'n amptelike dokument wat 'n geboortesertifikaat genoem word. Hierdie sertifikaat is 'n bewys van die kind se identiteit, geboortedatum, geboortedorp en die naam van een of altwee ouers.

Daar is baie belangrike redes hoekom 'n mens 'n kind se geboorte moet registreer:

- ▶ Die Namibiese Grondwet sê dat kinders die reg het tot 'n naam en 'n nasionaliteit. 'n Geboortesertifikaat is gewoonlik die eerste tree om hierdie reg te verseker.
- ▶ Die Wet bepaal dat elke ouer verplig is om die geboorte van sy/haar kind te registreer, so gou as moontlik ná die geboorte.
- ▶ As 'n kind in Namibië gebore is, of as die ouers Namibiese burgers is, dien die geboortesertifikaat as bewys dat die kind 'n Namibiese burger is.
- ▶ Sonder 'n geboortesertifikaat sal dit moeiliker wees om jou kind by 'n skool in te skryf, gesondheidsorg te kry of in aanmerking te kom vir maatskaplike toelae. Jou kind kan dalk ook die geboortesertifikaat nodig hê as ouderdomsbewys vir skole se sportspanne.
- ▶ Jou kind sal 'n geboortesertifikaat nodig hê om op ouderdom 16 aansoek te doen vir 'n ID-kaart. 'n Mens benodig ook 'n geboortesertifikaat om 'n paspoort, 'n kieserskaart, 'n bestuurderslisensie en 'n huweliksertifikaat te kry. Jou kind kan ook 'n geboortesertifikaat nodig hê vir ander dinge, soos om 'n bankrekening oop te maak of om sekere tipes werk te doen.
- ▶ Geboorteregistrasie help die Staat om te weet hoeveel kinders in die verskeie streke van Namibië woon. Dit help die Staat om besluite te neem oor die dienste en finansiering wat elke streek benodig.



Jy moet probeer om jou kind se geboorte so gou as moontlik te registreer (verkieslik binne 14 dae ná die geboorte). Hoe ouer die kind is, hoe moeiliker is dit om die dokumente te kry wat nodig is vir die registrasie.

Die meerderheid ongeregisteerde kinders of kinders wat laat geregistreer word, is kinders uit gemeenskappe wat sosiaal en ekonomies kwesbaar is. Die registrasie van die kind se geboorte is 'n tree nader daaraan om uit hierdie kwesbaarheidskringloop te kom.

Geboorteregistrasie is gratis. Daar is geen koste of fooie aan verbonde nie.

Ses redes hoekom 'n kind 'n geboortesertifikaat benodig

1. Om toegang te kry tot gesondheidsorg soos inentings
2. Om toegang te kry tot maatskaplike toelae
3. Om in te skryf by 'n skool
4. Om 'n ID-kaart of 'n paspoort te kry
5. Om te trou
6. Om te stem

Dit is wel moontlik om die meeste van hierdie dinge te doen sonder 'n geboortesertifikaat, maar dit sal moeiliker wees, omdat 'n mens maklik met jou geboortesertifikaat jou presiese ouderdom kan bewys.

Wat is 'n geboortesertifikaat?

'n Geboortesertifikaat is 'n amptelike dokument wat die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie uitreik om te dien as bewys van die kind se identiteit, geboortedatum, geboorteplek en die naam van een of al twee ouers.

Wat is 'n identifikasiekaart?

'n Identifikasiekaart (wat ook 'n ID-kaart genoem word) is 'n amptelike dokument wat die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie uitreik om te dien as bewys van iemand se identiteit. Daar is 'n foto van die persoon op en ook die persoon se naam, geboortedatum, geboortedorp en identiteitsnommer.

**Elke kind in Namibië moet 'n geboortesertifikaat en 'n ID-kaart hê.
Jy kan aansoek doen vir 'n ID-kaart nadat jy 16 geword het.**

HOE om jou kind se geboorte te registreer

Dit is belangrik dat jy so gou as moontlik jou kind se geboorte registreer. Op sommige plekke kan jy jou kind registreer by die hospitaal waar die kind gebore is. As hulle nie by die hospitaal die diens lewer nie, moet jy jou kind registreer by die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie.

Daar is twee moontlike maniere om 'n kind se geboorte te registreer; dit hang af hoe lank ná die kind se geboorte jy aansoek doen vir die registrasie. Jy moet die spesifieke dokumente saamneem wat op bladsy 5 aangegee word. As jy al die nodige inligting kan gee, kry jy dadelik die kind se geboortesertifikaat.

Dit gaan tyd vat om al die dokumente bymekaar te kry wat nodig is vir my kind se geboorteregistrasie. Ek dink nie ek gaan dit doen nie.



Maar dit is jou kind se reg! Elke kind moet so gou as moontlik ná sy geboorte 'n geboortesertifikaat kry. Dit gaan hom regdeur sy lewe help om toegang te kry tot dienste. Dis jou plig as ouer om jou kind se geboorte te registreer. En dis nie moeilik om te doen nie.

Op watter verskillende maniere kan ek my kind registreer?

As jy die kind binne een jaar ná sy geboorte registreer, word die registrasieproses “**Kennisgewing van Geboorte**” genoem. Dit is ook moontlik om 'n kind later te registreer, wanneer die kind ouer as een jaar is. Dit word “**Laat Geboorteregistrasie**” genoem. Die geboortesertifikaat sal dieselfde lyk.

Jy moet probeer om jou kind binne een jaar te registreer. Dis omdat jy die geboortesertifikaat sal nodig hê vir gesondheidsorg in die eerste jaar. Dit is ook makliker om 'n kind te registreer deur die Kennisgewing van Geboorte as deur Laat Geboorteregistrasie.

Hoe registreer ek my kind met geboorte (of binne een jaar daarna)?

Jy moet die proses volg wat **Kennisgewing van Geboorte** genoem word. Jy moet die volgende dokumente saambring:

- ▶ Bewys van die geboorte (die kind se gesondheidspaspoort)
- ▶ Die oorspronklike ID-kaart of 'n gesertifiseerde afskrif van een of beide ouers. As jy 'n buitelandse is wat in Namibië woon, moet jy jou paspoort bring saam met die permit wat jou toestemming gee om in Namibië te bly. Indien moontlik, is dit die beste as altwee die ouers saam kom. As een van die ouers oorlede is, moet jy ook 'n gesertifiseerde afskrif van die doodsertifikaat bring.
- ▶ As die kind se ouers met mekaar getroud is: Die oorspronklike of 'n gesertifiseerde afskrif van die huweliksertifikaat of 'n geswore verklaring van die nedersetting se hoofman of -vrou, as die ouers volgens tradisionele wet getroud is.

Die klerk sal jou help om 'n **vorm vir Kennisgewing van Geboorte** in te vul. Dit kan help om alle papiere saam te neem wat jy met jou kind se geboorte by die hospitaal gekry het. As jy jou eie dokumente verloor het, moet jy eers aansoek doen vir nuwe afskrifte van jou dokumente by die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie en daarna kan jy jou kind se geboorte registreer. As jy nog steeds probleme het of nie al die dokumente het wat nodig is nie, kan jy by die klerk by die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie raad vra.

Hoe registreer ek my kind as hy/sy ouer as een jaar is?

Jy moet die proses volg van **Laat Geboorte-registrasie**. Jy sal dieselfde dokumente nodig hê as vir die Kennisgewing van Geboorte. As jy nie jou kind se gesondheidsertifikaat het nie, kan jy jou kind se doopseel gebruik.

As jy nie die dokumente het wat nodig is nie, kan jy die skoolhoof van jou kind se eerste skool of die nedersetting se tradisionele leier vra vir 'n geswore verklaring met die inligting rakende jou kind se ouderdom en identiteit. As jy geen dokumentasie kan toon nie, moet jy twee getuies saamneem wat inligting oor jou kind se identiteit en ouderdom kan gee. Die getuies moet minstens 5 jaar ouer as jou kind wees. As daar regtig niemand anders is wat inligting oor die kind kan verskaf nie, kan die kind se ouers die getuies wees.

Wanneer 'n kind ouer as 14 is met registrasie, verkies die Ministerie dat die kind moet saamkom sodat sy/haar vingerafdrukke geneem kan word as 'n standaard veiligheidsmaatreël.

Op bladsy 9 word verduidelik wat gesertifiseerde afskrifte en geswore verklarings is.



WIE kan aansoek doen vir geboorteregistrasie?

Situasie	Wie kan die geboorte registreer?	Wat is die kind se van op die geboortesertifikaat?
VANNE: Soos hierdie tabel verduidelik, kry jou kind jou eie van of die ander ouer se van. Dit beteken dat die kind se van dieselfde moet wees as een ouer se van soos dit op die pa of ma se ID-kaart staan. Wanneer jy met jou kind se geboorte 'n gesondheidspaspoort kry, moet jy ook seker maak dat die kind se van op die gesondheidspaspoort dieselfde is as joune of as die ander ouer s'n soos dit op die ID-kaart staan.		
Altwee ouers wil die geboorte registreer en die ouers is getroud.	Enige een van die twee ouers. Die ouers moet 'n bewys bring dat hulle getroud is. Altwee ouers se name staan op die geboortesertifikaat.	Die kind kry altwee ouers se getroude van. (As die ouers nie dieselfde van het nie, besluit hulle watter een van die twee vanne hulle vir die kind wil gee.)
Altwee ouers wil die geboorte registreer en die ouers is nie getroud nie.	Enige een van die twee ouers. Die pa se naam sal slegs op die geboortesertifikaat staan indien albei ouers saamstem. Die pa moet self daar wees, of 'n geswore verklaring gee dat hy instem om op die geboortesertifikaat as die pa genoem te word.	Die kind kry enige ouer se van. Die pa se van sal net gegee word as hy en die ma saamstem daaroor. Andersins sal die kind die ma se van kry.
Die pa of die ma wil die kind se geboorte registreer. Die ouers is nie getroud nie. Die ander ouer leef, maar wil nie betrokke wees by die registrasie van die kind nie.	Die ma of die pa. Die ma hoef nie enige inligting oor die pa te verskaf as hulle nie getroud is nie.	Die kind kry die ouer wat die kind se geboorte registreer se van.

Die pa of die ma wil die geboorte registreer. Die ander ouer is oorlede.	Die oorlewende ouer. Die ma hoef nie enige inligting te verskaf oor die pa as hulle nie getroud is nie. Jy moet die doodsertifikaat van die oorlede ouer saamneem as jy wil hê dat sy/haar naam op die geboortesertifikaat moet wees. Die naam van die gestorwe ouer kan net met die eerste registrasie van die kind genoem word, en kan nie op 'n later stadium bygevoeg word nie.	As 'n doodsertifikaat getoon word, kan enige van die ouers se van vir die kind gebruik word. As die doodsertifikaat nie getoon word nie, kry die kind die ouer wat die kind registreer se van.
Die kind se ouers is beide oorlede. Dit is 'n weeskind. Die persoon wat die kind versorg, kan die geboorte registreer.	Enige dokument wat die kind se identiteit en geboortedorp bewys. Dit kan die ouers se ID-kaarte, geboortesertifikate, doodsertifikate of 'n brief van die tradisionele leier, maatskaplike werker of skoolhoof wees.	Die kind kan enige van die ouers se van kry, solank as wat daar voldoende bewys is van die familieverband.
Die kind se ouers is beide oorlede. Dit is 'n weeskind. Kinders kan self die geboorte registreer sodra hulle oud genoeg is.	Twee mense moet saam met die kind gaan. Hierdie mense moet kan bevestig dat die kind in Namibië gebore is. Die getuies moet self in Namibië gebore wees, Namibiese ID-kaarte hê en minstens 5 jaar ouer wees as die kind wat geregistreer word.	Die kind kan enige van die ouers se van kry, solank as wat daar voldoende bewys is van die familieverband.

Ons gaan die kind Jan Viljoen noem. Viljoen is my pa se van.



Maar jou van is Januarie. Ons moet jou van skryf, of die pa se van. As ons 'n ander van op sy gesondheidspaspoort skryf, sal jy sukkel wanneer jy sy geboorte laat registreer.

VERLORE DOKUMENTE

Wat moet ek doen as ek nie self 'n geboortesertifikaat of 'n ID-kaart het nie?

As jy nie self 'n geboortesertifikaat het nie, moet jy jouself registreer deur die proses van Laat Geboorteregistrasie. As jy nie 'n ID-kaart het nie, maar wel 'n geboortesertifikaat, moet jy aansoek doen vir jou ID-kaart by die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie. Daarna kan jy jou kind se geboorte registreer.

Ek het die bewys van waar my kind gebore is verloor. Kan ek nog steeds my kind registreer?

Ja, jy kan. Gaan na die kraameenheid toe waar jou kind gebore is en vra vir 'n afskrif van die geboortebewys. As jy nie hierdie bewys kan kry nie, sal jy 'n ander bewys van jou kind se identiteit en geboortedorp moet wys. Jy kan een van die volgende gebruik: jou kind se doopseel, 'n geswore verklaring van die tradisionele leier of iemand anders soos die skoolhoof of 'n maatskaplike werker.

Die tradisionele leier vra baie geld om 'n geswore verklaring te gee. Wat kan ek doen?

Jy kan 'n geswore verklaring kry van iemand anders, soos die skoolhoof van jou kind se eerste skool, 'n maatskaplike werker of die pastoor wat jou kind gedoopt het.

Hoe maak mens 'n GESWORE VERKLARING?

Jy lê 'n verklaring af met die hulp van 'n Kommissaris van Ede. Jy kan een kry by polisiestasies, banke en regsantore. Jy kan die verklaring self skryf of vra dat die Kommissaris neerskryf wat jy sê. Die Kommissaris sal jou vra om te sweer dat dit wat jy gesê of geskryf het die waarheid is. Dan moet jy voor die Kommissaris die verklaring teken of 'n kruisie trek. Die Kommissaris sal die verklaring dan stempel om te sertifiseer dat dit 'n geswore verklaring is. So 'n verklaring word 'n geswore verklaring genoem.

Hoe kry ek 'n GESERTIFISEERDE AFSKRIF van 'n dokument?

'n Afskrif word gesertifiseer wanneer 'n Kommissaris van Ede kyk na die afskrif en die oorspronklike dokument en dan sweer dat die afskrif net soos die oorspronklike dokument is. Jy kan Kommissarisse van Ede kry by polisiestasies, banke of by regsantore. Jy sal die afskrif en die oorspronklike dokument vir die Kommissaris moet wys. Die Kommissaris sal dan die afskrif stempel om te wys dat dit 'n presiese afskrif van die oorspronklike is. Jy kan gesertifiseerde afskrifte gebruik sodat jy die oorspronklike dokumente op 'n veilige plek kan bêre in plaas daarvan om dit rond te dra.

Hoe kan jy jou kind se geboortesertifikaat veilig bêre?

Jou kind se geboortesertifikaat is 'n baie belangrike dokument. Jy moet dit op 'n veilige plek bêre. Dit is 'n goeie idee om 'n gesertifiseerde afskrif te maak van die geboortesertifikaat vir ingeval jy dit verloor. Jy kan dan die gesertifiseerde afskrif gebruik in plaas daarvan om die oorspronklike saam met jou te neem.

Wat moet ek doen as ek my kind se geboortesertifikaat verloor het?

As jy jou kind se geboortesertifikaat verloor het, kan jy aansoek doen vir 'n afskrif by die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie. Vanaf 2010 kos dit N\$30 om aansoek te doen vir 'n plaasvervangende geboortesertifikaat. Die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie verkies dat jy daarvoor aansoek doen in die streek waar die kind gebore is en NIE in die streek waar die kind geregistreer is nie.

Kinders wat BUIITE die huwelik gebore is

Baie kinders word in Namibië gebore vir ouers wat nie met mekaar getroud is nie. As jy nie met jou kind se ander ouer getroud is nie, is daar spesiale reëls wat geld wanneer jy die kind se geboorte wil registreer.

Hier is die antwoorde op 'n paar vrae wat algemeen voorkom oor die registrasie van 'n kind wat buite die huwelik gebore is.

Moet altwee ouers hulle toestemming gee om 'n kind te registreer wat buite die huwelik gebore is?

Nee. Enige een van die twee ouers kan die kind se geboorte registreer. 'n Ma wat die buite-egtelike kind se geboorte wil registreer HOEF NIE die pa se toestemming te kry nie. Sy hoef nie die pa te identifiseer nie. As sy geen inligting oor die pa wil verskaf nie, word niemand as die kind se pa op die geboortesertifikaat genoem nie. Die inligting van die pa sou op 'n later stadium bygevoeg kon word, en die kind kan dan die pa se van ook kry as die ma saamstem. Dit sal niks kos om hierdie verandering te maak nie. As die pa te sterwe kom, kan sy naam nie bygevoeg word nadat die kind reeds geregistreer is nie.

Hierdie reël is deel van die wet.

Die klerk kan nie 'n vrou dwing om enige inligting oor die kind se pa te gee as sy die kind net onder haar eie van wil registreer nie.

Wie se van moet vir die kind gebruik word as die kind buite die huwelik gebore is?

- (1) As dit net die ma is wat die kind registreer, en die pa word nie op die geboortesertifikaat genoem nie, dan kry die kind die ma se van. Die pa hoef nie in te stem dat die kind die ma se van kry nie.
- (2) As altwee ouers op die geboortesertifikaat genoem word, kan die kind die pa of die ma se van kry. Die kind kan slegs die pa se van kry as altwee ouers hieroor saamstem.

Ek is nie met die pa getroud nie en ek wil nie sy naam op ons kind se geboortesertifikaat hê nie, maar die pa sê sy naam moet op die geboortesertifikaat wees.

Die pa het nie outomaties die reg om op die geboortesertifikaat genoem te word nie. Die Wet sê dat hy slegs met die ma se toestemming op die geboortesertifikaat genoem mag word.

Wat gebeur as die kind se ouers met mekaar trou nadat die kind gebore is?

Die geboorteregistrasie kan verander word asof die ouers wettiglik getroud was toe die kind gebore is. Die vorige rekord van die kind se geboorte word dan van die Staat se lêers verwyder.

Die huidige wette hanteer ongetroude ma's en pa's verskillend. Is dit nie dalk ongrondwetlike seksuele diskriminasie nie?

Die verskille in die hantering van ma's en pa's word geregtvaardig as gevolg van hulle biologiese verskille. Die ma is by met die kind se geboorte, maar dalk is die pa nie daar nie. Sommige van die reëls van die Wet is afkomstig uit die verlede, toe dit nie so maklik was om te bewys wie die kind se pa is nie. Deesdae is dit moontlik om met mediese toetse (DNS-toetse) die pa met sekerheid te identifiseer. As 'n pa sy vaderskap kan bewys, kan hy dalk aandrang op sy reg om as die kind se pa genoem te word op die geboortesertifikaat, selfs al is die ma gekant daarteen. Maar die wet moet nagekom word soos dit is totdat die Namibiese Hof hom hieroor uitspreek.



**Ek het my kind se geboorte in my eie naam geregistreer omdat die pa nie beskikbaar was nie.
Kan ek sy naam op 'n later stadium byvoeg?**

Ja, jy kan die pa se naam met sy toestemming ná die aanvanklike registrasie byvoeg. Dit sal niks kos nie. Maar jy kan nie die pa se naam later byvoeg as hy oorlede is nie.

Opsomming

KENNISGEWING VAN GEBOORTE

Wanneer	Met die kind se geboorte, of enige tyd tot die kind een jaar oud is.
Waar	By die hospitaal waar die kind gebore is, as hulle so 'n diens lewer, of by die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie. Sommige magistraatshowe registreer ook geboortes.

LAAT GEBOORTEREGISTRASIE

Wanneer	Enige tyd nadat die kind een jaar oud geword het.
Waar	By die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie. <i>Laat geboorteregistrasie word nie by hospitale gedoen nie.</i>

Om uit te vind waar die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie is, kontak die Ministerie by 061-2922111.

DIE DOKUMENTE WAT NODIG IS VIR ALTWEE TIPES REGISTRASIE

1. Jou kind se gesondheidspaspoort ('n doopseel sal aanvaar word vir laat registrasie indien die gesondheidspaspoort weg is).
2. Die ID-kaarte en geboortesertifikate of paspoorte van een of albei ouers.
3. As die kind se ouers getroud is: huweliksertifikaat of verklaring van die nedersetting se hoofman of -vrou as die ouers volgens tradisionele wet getroud is.



Teks: Christina Beninger, Dianne Hubbard en Rachel Coomer

Vertaling: Lochna Meeser

Illustrasies: Nicky Marais

Ontwerp en uitleg: Perri Caplan

Drukwerk: John Meinert Printing (Pty) Ltd

Finansiering: Nederlandse Ministerie Van Buitelandse Sake, MDG3-Fonds

Uitgewer: Gender Research & Advocacy Project, Legal Assistance Centre, 2011

Die Ministerie Van Binnelandse Sake en Immigrasie het gehelp met die ontwikkeling van hierdie boekie.

Hierdie strokiesverhaal mag vir opvoedkundige doeleindes gedupliseer word, maar die bron moet vermeld word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC-webwerf: www.lac.org.za